

## HOE MEET JY DIE HERE SE GOEDHEID?

Wat beteken goedheid? Seker deugdelikheid, welwillendheid, barmhartigheid en genade. Kan jy die Here se goedheid meet? Kan jy 'n toets aanlê om die Here se goedheid te meet? Mag jy 'n toets aanlê om die Here se goedheid te meet? As Christen voel jy half om te sê jy behoort nie so 'n vraag te vra nie. Die Here is mos goed, deugdelik, welwillend en genadig. Kom ons vra of jy altyd voel dat die Here goed is? Of altyd genadig is? Kom daar nie soms tye dat jy begin twyfel aan God se goedheid nie? Dat dit voel of God jou verlaat het, Hom nie meer aan jou steur nie? Hy nie jou gebede verhoor nie? Praat Psalm 42 nie juis oor ons twyfel nie? Dat die Psalmdigter sê hy is dag en nag in tranes omdat die mense vir hom vra waar sy God is nou dat dit swaar en sleg met hom gaan? Daarom twyfel en kerm hy. Daarom, so lyk dit my, mag ons vra: Hoe meet jy die Here se goedheid?

Ek dink op die vraag oor die Here se goedheid moet elkeen van ons vir hom- of haarself die vraag beantwoord. Watter toets sou jy aanlê? Waaraan meet ek God se goedheid? Is God vir my net goed as ek gesond is en genoeg het om te eet? 'n Huis, kar en genoeg geld? As ek arm en honger is, is God dan nog goed? As my kind afdwaal of in die tronk beland, kan ek nog sê die Here is goed? As my werk of my man of vrou of my kinders my so besig hou dat ek nie my studies kan voltooi nie, is God dan nog goed? As ek vir iemand sê dat my baas my lewe ondraaglik maak, sê ek dan nog dat die Here goed is? As ek nie bevordering kry nie of dalk selfs my werk verloor, is God dan nog volgens my oordeel vir my goed? Waar is God se goedheid as ek met 'n ongeneeslike siekte gediagnoseer word? Of is God net goed as dit met my gaan soos ek graag wil hê dat dit met my moet gaan? Watter maatstaf lê ek aan om te besluit of God goed is?

Wat sê Jesus hoe sal dit met ons gaan as ons Hom volg? Sê Hy omdat Hy goed is, dit altyd met ons ook goed sal gaan? Nee, Hy sê as die mense Hom verneder en sleg behandel, sal hulle dieselfde met ons doen. In Johannes 17 sê Hy die mense sal ons haat. In Markus 10 vra Petrus wat sal hulle kry wat alles verlaat en Jesus volg? Dan antwoord Jesus dat almal wat Hom volg ryklik beloon sal word, maar voeg dan 'n bepaling by: SAAM MET BAIE VERVOLGING! Is dit dan die moeite werd om Jesus te volg as ons vervolging moet verduur? As ons verneder en sleg behandel word? Kan ek vervolging, vernedering en haat wat ek moet deurmaak inwerk as positiewe eienskappe van die Here se goedheid?

Jesus het tydens sy lewe op aarde baie meer as vervolging, vernedering en haat deurmaak. Hy het, onskuldig en sondeloos, ook helse pyn en lyding gely. Vir my gely. En vir jou. Vir my gesterf. En ook vir jou. So het Hy al ons sondeskuld op Hom geneem, die dood oorwin en vir ons die ewige lewe geskenk. Sonder enige verdienste, slegs uit genade. Hoe wonderlik groot is die Here se goedheid! Ek is op pad na die ewige lewe saam met my goeie God! Al sou dit dalk in my eie oë hier op aarde met my nie juis "goed" gaan nie, die Here is en bly goed. Aan sy goedheid is geen einde nie!

Jan Lubbe